# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

4 Augustus 2025
Uitgawe 23



## Vers vir die week:

Johannes 20:29
"Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo." "

## Uit die hoof se kantoor:

Graag wil ek vanoggend elke positiewe ouer bedank vir u onbaatsigtige bydra tot ons pragtige skool! U is die rede waarom Laerskool Voorpos floreer en vorentoe beweeg.

Ek bevind myself Saterdagoggend vroeg by die fietsry in Midrand en beleef die entoesiasme van ouers en kinders wat 'n sport doen omdat hulle dit werklik geniet. Pappas wat sesuur saam met die skool se onderwysers, help gazebo opslaan langs 'n koue dam. Dit is hierdie tipe ingesteldheid wat alles die moeite werd maak. Geluk aan ons fietsryers wat Voorpos se naam hoog hou!

Baie geluk aan die Revue wat vir die eerste keer in die Staatsteater opgetree het. Geluk aan die Koor wat hulself by die Voortrekkermonumen onderskei het as een van die beste kore in Pretoria.

Die krieket het ook uit hul blokke gekom en ons sien uit na die seisoen wat voorlê.

Laerskool Voorpos streef daarna om 'n gebalanseerde skool met gelukkige kinders te wees!

Sterkte vir die week!

Mnr. Gerhard Engelbrecht

## Menlopark Super 6

Ons Graad 6-leerders was weer uitgenooi om aan Die Hoërskool Menlopark se Super 6-akademiese uitdaging van 2025 deel te neem. Die Super 6-Akademiese Uitdaging fokus op die boustene van 'n suksesvolle samelewing, naamlik die Tale, Wiskunde, Wetenskap, leierskap en innoverende denke.

Die leerders word by met die "pers bus" die skool opgelaai en gaan neem dan deel aan verskeie uitdagings. Ons leerders geniet dit elke jaar vreeslik.











# REVUE

Vir Laerskool Voorpos was dit soos om 'n ruimtetuig te lanseer. Ons maak geskiedenis deur die heel eerste keer met 'n revuegroep in die Staatsteater op te tree. Om deel te kan wees van die "Tshwane Youth Arts Festival" is 'n groot eer. Dit is meer as net 'n geleentheid – dit is 'n droom wat waar geword het! Ons as 'n skool is baie trots en dankbaar.

Voor Vrydag, 1 Augustus se optrede was die leerders eers effens senuweeagtig, maar toe hulle op daardie groot verhoog begin optree, was dit asof hulle verander in selfversekerde, blink sterre. Ons wens is dat hierdie besondere geleentheid elke lid van die groep kon inspireer om te groei as 'n ster in hulle eie reg.

Baie sterkte met Vrydag, 8 Augustus se optrede, wat weer by die Staatsteater plaasvind.













# LANDLOOP

## Vories blink uit by Laerskool Vissershoek se landloop byeenkoms

Die atlete van ons skool het opnuut gewys waarvan hulle gemaak is tydens die tweede ligabyeenkoms wat Vrydag, 1 Augustus by Laerskool Vissershoek plaasgevind het. Die byeenkoms was 'n groot sukses en al die deelnemers het dit baie geniet.

Elke atleet het hul beste gegee en dit was duidelik dat harde werk en toewyding vrugte begin afwerp. Onder die uitblinkers was Mizaan Louwies in die o.13-afdeling wat 'n indrukwekkende 5de plek behaal het, terwyl Willem Joubert in die o.9-afdeling 9de geëindig het – 'n prestasie waarop ons baie trots is.

Baie geluk aan al ons atlete wat met trots en deursettingsvermoë aan die wedloop deelgeneem het.

Welgedaan, Vories! Ons is trots op julle!



# MINI-SAGTEBAL

Mini-sagtebaldag by Laerskool Totiusdal

Ons eerste minisagtebaldag was 'n groot sukses! Dit was 'n spesiale mylpaal vir ons o/7- en o/8-leerlinge wat vir die heel eerste keer aan wedstryde deelgeneem het en hulle het pragtig gevaar.

Vir die o/9's was dit weer 'n lekker geleentheid om hul spel te verbeter en reg te maak vir die groot sagtebal wat voorlê. Die opgewondenheid en gees was regtig aansteeklik!

Baie dankie aan al die ouers vir julle ongelooflike ondersteuning en vir die wyse waarop julle die reëls nagekom het. Julle betrokkenheid maak die dag soveel meer spesiaal.

Ons sien uit na wat die res van die seisoen vir ons spanne inhou!







# KRIEKET

Laerskool Voorpos het die afgelope week hul eerste ligawedstryde teen Curro Hazeldean gespeel. Ongelukkig het Curro Hazeldean slegs drie spanne vir die liga ingeskryf en hul o.10-span het ook op kort kennisgewing onttrek.

Die o.11- en o.13-spanne het Vrydag hul eerste dag-aandligawedstryde tuis teen Laerskool Stephanus Roos gespeel.

Uitslae:
Dagliga teen Curro Hazeldean:
o.9A wen met 8 paaltjies.
o.11A wen met 9 paaltjies.
o.13 verloor met 4 lopies.
Dag-aandliga teen Stephanus Roos:
o.11 verloor met 84 lopies.
o.13 wen met 4 paaltjies.





Laerskool Voorpos kom in die komende week teen Laerskool Louis Leipoldt te staan, in beide die dagliga en die dag-aandliga. Ons wens ons seuns alle sterkte toe vir die wedstryde wat voorlê.

# -berig

**GRAAD 1 : AANLYN INSKRYWINGS**

OPEN: 24 Julie 2025 om 08:00
Die volgende dokumente moet binne 7 dae vandat u die waglysnommer ontvang het, ingehandig word.
LET WEL: Geen dokumente gaan per e-pos aanvaar word nie.

- Gesertifiseerde afskrif van u kind se geboortesertifikaat
- Gesertifiseerde afskrif van ouers se ID
- Gesertifiseerde afskif van leerder se kliniekkaart
- Gesertifiseerde afskrif van adres




(Verpligte dokumente soos aangedui op die aanlynstelsel)
U kan by die skool aanmeld vir hulp met die aanlynregistrasie of as u nie oor internettoegang beskik nie.
NEEM ASB. KENNIS: Geen Graad 1-aansoek vir 2026 mag of sal aanvaar word voordat 'n leerder aanlyn geregistreer is nie.
Vir meer inligting skakel vir Nickey by die kantoor of stuur gerus 'n e-pos na inskrywings@laerskool-voorpos.co.za

# Belangrike datums vir die week:

## Maandag, 4 Augustus 2025

- Geen Kunswedstryd nie
- Geen Tennisliga nie



## Dinsdag, 5 Augustus 2025

- Geen Spuraand nie
- Sagtebal @ L/s Hennopspark (tuis)
- o/13 Krieket @ L/s Louis Leipoldt (tuis)
- o/12 Krieket @ L/s Louis Leipoldt (weg)



## Woensdag, 6 Augustus 2025

- o/9 Krieket @ L/s Louis Leipoldt (tuis)
- o/10 Krieket @ L/s Louuis Leipoldt (weg)

## Donderdag, 7 Augustus 2025

- o/12 Krieket @ L/s Louis Leipoldt (tuis)
- Sagtebal @ L/s Genl Hendrik Schoeman (weg)



## Vrydag, 8 Augustus 2025

- Krieket: Dag/aand-liga @ L/s Louis Leipoldt
- Landloop: Liga H/s Waterkloof
- Revue: Kaleidoscope (Staatsteater)

## Saterdag, 9 Augustus 2025

- Krieket: Little Titans



# ADVERTENSIES

WE COME TO YOU!

Phone:
Krisjan van Dyk
066 286 9286

Mail:
kjvandyk83@gmail.com

ELITE CLEAN AND DETAIL WORKS (PTY) LTD
2025/548731/07 TAX 9229142287

## BOOK NOW!

No queues, no hassle - We bring the carwash to your doorstep fully equipped. All we need is your vehicle.

| Services | SEDAN | SUV & DBL CAB | VAN & MINI BUS |
|---|---|---|---|
| FULL WASH : EXTERIOR & INTERIOR | R 110.00 | R 130.00 | R 140.00 |
| ENGINE CLEAN | R 100.00 | R 110.00 | R 120.00 |
| LEATHER TREATMENT | R 110.00 | R 120.00 | R 130.00 |
| MOTORBIKE & TRAILER | R 80.00 | | |
| HEADLIGHT RESTORATION | R 270.00 | R 320.00 | R 370.00 |
| MINI VALET & MACHINE POLISH | R 650.00 | R 800.00 | R 1000.00 |

## Ceramic Coatings

PRICES FROM R 1 999.00*

MAFRA FOREVER YOUNG CERAMIC COATING
*prices dependent on vehicle type
*2 Year Warranty

terms & conditions

# ADVERTENSIES




**Hoe adverteer ek op Vorienuus?**

R800 - 4 plasings

R450 - 2 plasings

R300 - 1 plasing

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

**Hoe maak ek om 'n advertensiebord by die skool aan te bring?**

R4000 per jaar

R7000 2 borde per jaar

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za